**Notules van Algemene Jaar Vergadering gehou op 1 April 2011 om 18:00 te 21 Wenenlaan Hartenbos**

**Teenwoordig:**

| | |
|---|---|
| R Brits | Voorsitter / Bestuur |
| D Johnston | Trustee / Administratief |
| E Jacobs | Trustee |
| P Kamfer | Trustee |
| M Retief | Toekomstige eienaar |
| A P Nel | Huiseienaar |
| P & W Schalkwyk | Huiseienaar |
| N & N Badenhorst | Huiseienaar |
| B Coetzee | Huiseienaar |
| F Johnston | Huiseienaar / Ontwikkelaar |
| JP Johnston | Huiseienaar |
| M Ferreira | Huiseienaar / Ontwikkelaar |
| H Ferreira | Huiseienaar |
| C Jacobs | Huiseienaar |
| A de K Theron | Huiseienaar |
| C du Plessis | Huiseienaar |

1. **Opening en verwelkoming**

Die voorsitter heet almal welkom, die wat van ver af kom sowel as plaaslike inwoners. Chris Jacobs open met gebed.

2. **Verskonings & Proksies:**

| | |
|---|---|
| H Basson | B Krause |
| RGP Trust | R van Zyl |
| M & K De Koker | N Bischoff |

3. **Voorsittersverslag en goedkeuring van vorige notules:**

Die voorsitter lees verslag van die gebeurtenisse van die afgelope jaar, asook die notules vergaderings gehou deur die jaar. 'n Afskrif van voorsittersverslag word aangehg as Addendum A.

4. **Sake vir bespreking uit vorige notules:**

4.1 Die Konstitusie se veranderings word bespreek.

4.1.1 Die datum van die Algemene Jaar Vergadering word verander van 25 Februarie na 15 April. Die verandering sal in die grondwet aangebring word

4.1.2 Klousule 32.1.4.4 word uitgeneem, die klousule was in die vorige jaar vergadering bespreek en aanvaar. Die verandering is nou amptelik aangebring.

4.1.3 Nuwe Klousule 33 is ingebring na aanmaning vanaf SARS om vrystelling van belasting op inkomste van heffings ontvang deur die HEV. Die verandering sal in die grondwet aangebring word . DJ sal die Afrikaans bewoording aanvra vanaf SARS. Die Engelse veranderde Konstitusie word aangeheg as Addendum B.

4.2 Pype wat bars word aangespreek.

FJ verduidelik waar die probleem ontstaan. Die pype wat deur die Siviele Kontrakteur gebruik was, is SABS standaard soos Mosselbaai Munisipaliteit vereis. Dit is die pype wat nou bars, en die probleem is nie 'n HEV probleem nie. WS noem dat die probleem al 10 maande aandag vanaf die Kontrakteur, Marracon ontvang en dat as daar enige pype bars, aan hom of direk aan HF van Marracon gerapporteer moet word. AN vra of daar 'n 'bulk' meter is en of die rekening vir water deur die bars van pype dan vir die HEV se rekening is? Daar is 'n bulk meter, maar die HEV betaal nie die rekening nie. Elke huiseienaar het sy eie meter, en daar is by 2 krane op die perseel, lg. 2 rekeninge is betaalbaar deur die HEV.

4.3 Wild beheer.

Daar word gevra of ons 'n Springbokrammetjie kan inbring, enige persoon met kennis van 'n kontak word gevra om dit met die HEV te bespreek.

CJ en EJ stel voor die inbring van Emu's en bepreek die Emu se gedrag. PS en MF noem dat aangesien Emu's nie inheems is nie, sal dit nie kan gebeur nie. Die bestuur van die wild binne Num-Num word bespreek sodat dit dan volgens Natuurbewaring se reels sal geskied. WS en AN stel voor 'n kundige persoon moet gevra word om riglyne te gee, vir die bestuur van die wild. FJ noem die persoon wat die ROD rapport gedoen het, Ken Coetzee, en stel voor hy (FJ) sal vir Ken Coetzee vra om 'n kwotasie te gee vir so 'n ondersoek en riglyne vir die bestuur van die wild. Die riglyne sal dan moontlike uitdunning van die wild aanspreek, waarna die HEV sal moet volgens Natuurbewaring se reels en regulasies enige uitdunig uitvoer.

4.4 Tuingereedskap en werkers.

RB noem dat die tuindienste gestaak is deur die jaar, en die 2 werkers, Matroos en Basie is aangestel vir 4 dae per week. Hul is in beheer van die gras, ontbosting, ingang ens. 'n Industriële randsnyer sal moet aangekoop

word. Daar word bespreek of die tuindienste nie eerder moet weer aangestel word nie.
Hierdie besluit moet deur die Trustees by die volgende vergadering gemaak word, daar is vele uitspruitende vrae wat nie op die AJG gehanteer kan word nie, bv. die effektiwiteit en kostes van die tuindienste teenoor die 2 werkers, veiligheid vir die inwoners, ander dienste wat werkers heel week lank doen, ens. Die voorsitter sal die werkers of tuindienste beheer, maar die inwoners word ook gevra om enige voorstelle te bespreek op 'n gereelde basis met die HEV en voorsitter. Op die manier sal almal deel wees van die bestuur van die perseel. Die besluit oor die aankoop van die randsnyer sal by die volgende Trustees vergadering afgehandel word.

**5. Finansiele verslag en ouditeursverslag.**

Die voorlopige state word voorgelê soos verkry van Pam Templeton, op die inligting aan haar gegee deur DJ en RB, is aanvaar. Daar is R115 350 heffings uitstaande.
Individuele eienaars se agterstallige bedrae is voor die vergadering deur DJ aangespreek, en daar sal R19 000 inkom vanaf eienaars wat nie betaal het nie a.g.v. fakture en state wat nie op gereelde tye uitgestuur was nie. DJ erken die administrasie het agter geraak, en die agterstallige heffings hoef nie so te gewees het vir die finansiële state nie. R9 600 van die agterstallige heffings is 'n moontlike afskrywing want die eienaar is insolvent verklaar. Ander agterstallige heffings is van Formador Dertien Edms Bpk en 6 huiseienaars wat met die finansiële tye dit onmoontlik vind om heffings te kan betaal. DJ bedank as administratiewe beampte.
Die HEV moet riglyne stel vir die invordering van agterstallige heffings. 'n Debietorder stelsel word voorgestel deur PK en AN.
Die beleggingsbalans is tans R196 432 en op Park-it by Nedbank. Daar word voorgestel dat ander beleggings en rentekoerse ondersoek word om die beste rentekoers vir die belegging te verdien. Nedbank het 'n nuwe produk, die HEV sal ondersoek doen.

**6. Begroting**

DJ bespreek met almal teenwoordig die huidige uitgawes. Voorstelle vir die nuwe begroting is bepreek en veranderinge is aangebring. Die heffings bly R250.00 per maand. Met sekere veranderinge behoort die inkomste, die maandelikse uitgawes te dek. Met die uitstaande heffings wat inkom sal die bankstaat weer meer in 'n positiewe rigting wys.

**7. Algemeen**

Daar is geen algemene sake ter bespreking nie.

**8. Verkiesing van lede.**

Die volgende mense is voorgestel en daar is voorgestel en aanvaar dat almal as trustees die huiseienaars sal verteenwoordig.
Wessel Schalkwyk; Ria Brits; Erena Jacobs; Christa du Plessis, Denise Johnston(verteenwoordigend vir die ontwikkelaars); Piet Kamfer; Andrè Nel en Albert de K Theron

8 Lede
4 verteenwoordiger

**9. Afsluiting en Datum van volgende vergadering**

Die volgende Trustees vergadering sal op 14 April 18:00 vir 18:30 by RB se woning te Num.-Num gehou word.
Die datum vir die volgende AJV word ook voorlopig voorgestel vir 13 April 2012.

Erena en Chris Jacobs word bedank vir hulle gasvryheid en almal word bedank vir hul betrokkenheid.

Goedgekeur

13-4-2012